

Dit is duidelik dat die kandidate goed voorberei was vir die vraestel, alhoewel sommige kandidate leemtes in hul kennis getoon het. Dit is moontlik omdat daar 'n keuse van vrae tot hul beskikking is. Kandidate moet aangemoedig word om die hele sillabus te bestudeer.

ONDERWERPE**◆ ELEKTRISITEIT EN ELKETRONE IN ATOME**

Kandidate het nie geweet wat ideaal beteken in verwysing na 'n "ideale" transformator nie. Baie het (verkeerdelik) gedink dat 'n transformator werk met gelykstroom en dat die sagte ysterkern stroom dra tussen die primêre en sekondêre spoel.

◆ GOLWE EN LIG

Enkelspleet diffraksie is relatief goed beantwoord, maar baie kandidate het probleme gehad om die terminologie rondom 'n golfdiagram en beweging van punte op 'n golf.

◆ ATOOMSTRUKTUUR, BINDING EN INTERMOLEKULÊRE KRAGTE

Hierdie afdeling is goed beantwoord hoewel sommige afrikaanse kandidate kalsium gelees het as kalium.

◆ ENERGIE EN EKWILIBRIUM

Alhoewel hulle die terminologie geken het, het leerders nie die betekenis van terme soos aktiveringsenergie en eksotermiese reaksies geken nie. Aandag moet geskenk word aan die energie vrygestel en geabsorbeer wanneer bindings gevorm word en gebreek word.

◆ ELEKTROCHEMIE EN REDOKS REAKSIES

Hierdie afdeling het die kandidate duidelik verdeel in diegene wat die onderwerp geken en verstaan het en die wat dit nie geken en verstaan het nie.

◆ EIENSKAPPE VAN ALEMENTE EN ELEKTROCHEMIE

Omdat daar 'n keuse tussen vrae is, blyk dit kandidate nie hierdie (die laaste) vraag gedoen het nie. Die kandidate wat dit wel beantwoord het, het goed gedoen. Hulle het egter probleme ondervind om die reagense en produkte in die addisie reaksie in vraag 8.5 te benoem.